'bedryfswins' die verskil tussen openings- tegniese reserwes, onderskryfde premie en beleggingsinkomste op tegniese reserwes in die huidige boekjaar aan die een kant en sluitings-tegniese reserwes, eise betaal, kommissie en bestuurskoste in die huidige boekjaar aan die ander kant, waar sodanige verskil 'n positiewe syfer tot gevolg het;

'beleggingsinkomste' rente, dividende en huurgelde verdien, met uitsondering van gerealiseerde en ongerealiseerde kapitaalwinste en -verliese, voor aftrekking van belasting, in die huidige boekjaar;

'beleggingsinkomste op tegniese reserwes' die produk van beleggingsinkomste en die verhouding waarin die som van openings- en sluitings- tegniese reserwes staan tot die som van openings- en sluitings- tegniese reserwes plus openings- en sluitings-aandeelhouersfondse;

'bestuurskoste' koste van bestuur, met uitsluiting van dividende en belasting betaal en betaalbaar in die huidige boekjaar;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

agement expenses in the current financial year on the other hand, where such difference results in a negative figure;

'operating profit' means the difference between opening technical reserves, written premium and investment income on technical reserves in the current financial year on the one hand and closing technical reserves, claims paid, commission and management expenses in the current financial year on the other hand, where such difference results in a positive figure;

'shareholders' funds' means—

(i) paid-up capital, including any capital redemption reserve fund;

(ii) share premium;

(iii) non-distributable reserves;

(iv) distributable reserves;

(v) general reserve; and

(vi) retained income,

as shown in the balance sheet referred to in section 11 (1) *(c)* of the Act; and

'written premium' means premiums written in the current financial year less proportional and non-proportional reinsurances paid and payable.

(ii) If an insurer incurs an operating loss in a particular class or prescribed subdivision of a class of insurance business during a financial year in the conduct of his short term insurance business which is not attributable to an event referred to in section 13A (3) of the Act, the insurer shall, in conjunction with the auditor, consider whether—

(aa) the amount calculated in paragraph *(b)* is adequate to defray the possible cost of claims in connection with that business; or

(bb) sufficient operating profits have been earned in another class or subdivision of a class of short-term insurance business to cover the operating loss incurred in that particular class or subdivision of a class of short term insurance business.

(iii) In the event of it being found that the amounts referred to in subparagraph *(aa)* or *(bb)* are insufficient, the insurer must increase the amount calculated in paragraph *(b)* by an amount determined by the insurer in conjunction with the auditor.";

(b) by the deletion of section 11; and

(c) by the substitution for section 12 of the following section:

"**12.** Notwithstanding the provisions of **[sections]** section *ten* **[***and eleven***]**, the registrar may authorize or direct an insurer in writing to adopt for the purpose of calculating his net liabilities under all unmatured policies in any particular class of insurance business or part thereof, **[such stricter]** a different and more suitable basis or method which in the opinion of the registrar places a proper value upon such liabilities, and the insurer shall thereupon adopt no other basis or method in calculating such liabilities without the consent in writing of the registrar.".

Amendment of section 1 of Act 24 of 1956, as amended by section 21 of Act 101 of 1976, section 9 of Act 94 of 1977, section 10 of Act 80 of 1978, section 38 of Act 99 of 1980 and section 3 of Act 51 of 1988

20. Section 1 of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended by the substitution for the definition of "dependant" of the following definition:

"'dependant', in relation to a member, means—

(a) a person in respect of whom the member is legally liable for maintenance;

(b) a person in respect of whom the member is not legally liable for maintenance, if such person—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

'eise betaal' eise betaal in die huidige boekjaar min proporsionele en nie-proporsionele herversekering-verhaalbares;

'kommissie' die verskil tussen kommissie aangegaan en herversekeringskommissie verdien in die huidige boekjaar;

'onderskryfde premie' premies onderskryf in die huidige boekjaar min proporsionele en nie-proporsionele herversekering betaal en betaalbaar;

'openingsaandeelhouersfondse' aandeelhouersfondse aan die einde van die vorige boekjaar van 'n versekeraar;

'openings- tegniese reserwes' die bedrae bedoel in subparagrawe (i), (ii) en (iiA) van paragraaf *(a)* van artikel 13 en subartikels (1) en (2) van artikel 13A van die Wet wat deur 'n versekeraar voorsien moet word aan die einde van die vorige boekjaar soos getoon in die balansstaat bedoel in artikel 11 (1) *(c)* van die Wet;

'sluitingsaandeelhouersfondse' aandeelhouersfondse aan die einde van die huidige boekjaar van 'n versekeraar; en

'sluitings- tegniese reserwes' die bedrae bedoel in subparagrawe (i), (ii) en (iiA) van paragraaf *(a)* van artikel 13 en subartikels (1) en (2) van artikel 13A van die Wet wat deur 'n versekeraar voorsien moet word aan die einde van die huidige boekjaar soos getoon in die balansstaat bedoel in artikel 11 (1) *(c)* van die Wet.

(ii) Indien 'n versekeraar 'n onderskrywingsverlies ly in 'n besondere soort of voorgeskrewe onderverdeling van 'n soort versekeringsbesigheid gedurende 'n boekjaar met die dryf van sy korttermynversekeringsbesigheid wat nie toeskryfbaar is aan 'n gebeurtenis bedoel in artikel 13A (3) van die Wet nie, moet die versekeraar in oorleg met die ouditeur oorweeg of—

(aa) die bedrag in paragraaf *(b)* bereken voldoende is om die moontlike koste en eise in verband met daardie besigheid te bestry; of

(bb) genoeg bedryfswinste in 'n ander soort of onderverdeling van 'n soort korttermynversekeringsbesigheid verdien is om die bedryfsverlies te dek wat in daardie besondere soort of onderverdeling van 'n soort korttermynversekeringsbesigheid gely is.

(iii) Ingeval daar gevind word dat die bedrae in subparagrawe *(aa)* of *(bb)* bedoel onvoldoende is, moet die versekeraar die bedrag in paragraaf *(b)* bereken, vermeerder met 'n bedrag deur die versekeraar bepaal in oorleg met die ouditeur.";

(b) deur artikel 11 te skrap; en

(c) deur artikel 12 deur die volgende artikel te vervang:

"**12.** Ondanks die bepalings van **[artikels]** artikel *tien* **[en *elf*]**, kan die registrateur 'n versekeraar skriftelik magtig of gelas om by die berekening van sy netto verbintenisse kragtens alle nog lopende polisse in 'n besondere soort versekeringsbesigheid of onderdeel daarvan, **[so 'n strenger]** 'n ander en meer gepaste grondslag of metode toe te pas **[as]** wat volgens die registrateur se oordeel 'n behoorlike waarde op daardie verbintenisse stel, en die versekeraar pas daarop sonder skriftelike toestemming van die registrateur geen ander grondslag of metode by die berekening van bedoelde verbintenisse toe nie.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 101 van 1976, artikel 9 van Wet 94 van 1977, artikel 10 van Wet 80 van 1978, artikel 38 van Wet 99 van 1980 en artikel 3 van Wet 51 van 1988

20. Artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hierby gewysig deur die omskrywing van "afhanklike" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'afhanklike', met betrekking tot 'n lid—

(a) iemand ten opsigte van wie die lid regtens vir onderhoud aanspreeklik is;

(b) iemand ten opsigte van wie die lid nie regtens vir onderhoud aanspreeklik is nie, indien so iemand—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) was, in the opinion of the person managing the business of the fund, upon the death of the member in fact dependent on the member for maintenance; **[or**

(ii) a child or descendant of a child of the member or the spouse of such child or descendant;]

(ii) is the spouse of the member, including a party to a customary union according to Black law and custom or to a union recognized as a marriage under the tenets of any Asiatic religion;

(c) a person in respect of whom the member would have become legally liable for maintenance, had the member not died;".

Amendment of section 37C of Act 24 of 1956, as inserted by section 24 of Act 101 of 1976, substituted by section 41 of Act 99 of 1980 and amended by section 6 of Act 51 of 1988

21. Section 37C of the Pension Funds Act, 1956, is hereby amended by the substitution for paragraphs *(b)*, *(b*A*)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(b)* If the fund does not become aware of or cannot trace any dependant of the member within twelve months of the death of the member, and the member has designated in writing to the fund a nominee who is not a dependant of the member, to receive the benefit or such portion of the benefit as is specified by the member in writing to the fund, the benefit or such portion of the benefit shall be paid to such nominee: Provided that where the aggregate amount of the debts in the estate of the member exceeds the aggregate amount of the assets in his estate, so much of the benefit as is equal to the difference between such aggregate amount of debts and such aggregate amount of assets shall be paid into the estate and the balance of such benefit or the balance of such portion of the benefit as specified by the member in writing to the fund shall be paid to the nominee.

*(b*A*)* If a member has a dependant and the member has also designated in writing to the fund a nominee to receive the benefit or such portion of the benefit as is specified by the member in writing to the fund, the fund shall within twelve months of the death of such member pay the benefit or such portion thereof to such dependant or nominee in such proportions as the person managing the business of the fund may deem equitable: Provided that this paragraph shall only apply to the designation of a nominee after the coming into operation of this paragraph.

(c) If the fund does not become aware of or cannot trace any dependant of the member within twelve months of the death of the member and if the member has not designated a nominee or if the member has designated a nominee to receive a portion of the benefit in writing to the fund, the benefit or the remaining portion of the benefit after payment to the designated nominee, shall be paid into the estate of the member or, if no inventory in respect of the member has been received by the Master of the Supreme Court in terms of section 9 of the Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965), into the Guardian's Fund.".

Amendment of section 3 of Act 25 of 1956, as amended by section 20 of Act 103 of 1979

22. Section 3 of the Friendly Societies Act, 1956, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The provisions of this Act shall not apply in relation to any friendly society—

(a) which has been established in terms of an agreement published or deemed to have been published under section *forty-eight* of the Labour Relations Act, 1956 (Act No. 28 of 1956), except that such society shall from time to

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) by die afsterwe van die lid, na die oordeel van die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur, inderdaad van die lid vir onderhoud afhanklik was; **[of**

(ii) 'n kind of afstammeling van 'n kind van die lid of die eggenote of eggenoot van so 'n kind of afstammeling is;]

(ii) die eggenote of eggenoot van die lid is, met inbegrip van 'n party by 'n gewoontehuwelik volgens Swart reg en gewoonte of by 'n verbintenis wat volgens die leerstellings van 'n Asiatiese godsdiens as 'n huwelik erken word;

(c) iemand ten opsigte van wie die lid regtens vir onderhoud aanspreeklik sou geword het indien die lid nie gesterf het nie;".

Wysiging van artikel 37C van Wet 24 van 1956, soos ingevoeg deur artikel 24 van Wet 101 van 1976, vervang deur artikel 41 van Wet 99 van 1980 en gewysig deur artikel 6 van Wet 51 van 1988

21. Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse, 1956, word hierby gewysig deur paragrawe *(b)*, *(b*A*)* en *(c)* deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* Indien die fonds nie binne twaalf maande na die dood van die lid van 'n afhanklike van die lid te wete kom of 'n afhanklike van die lid opspoor nie, en die lid 'n benoemde wat nie 'n afhanklike van die lid is nie, skriftelik by die fonds aangewys het om die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel as wat die lid uitdruklik skriftelik aan die fonds meegedeel het, te ontvang, word die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel aan sodanige benoemde betaal: Met dien verstande dat waar die totale bedrag van die skulde in die boedel van die lid die totale bedrag van die bates in sy boedel te bowe gaan, soveel van die voordeel as wat gelyk is aan die verskil tussen bedoelde totale bedrag van skulde en bedoelde totale bedrag van bates in die boedel inbetaal word en die balans van bedoelde voordeel of die balans van so 'n gedeelte van die voordeel as wat die lid uitdruklik skriftelik aan die fonds meegedeel het, aan die benoemde betaal word.

*(b*A*)* Indien 'n lid 'n afhanklike het en die lid ook 'n benoemde skriftelik by die fonds aangewys het om die voordeel of so 'n gedeelte van die voordeel wat die lid skriftelik aan die fonds vermeld het, te ontvang, moet die fonds daardie voordeel of gedeelte daarvan binne twaalf maande na die dood van die lid aan sodanige afhanklike of benoemde betaal in dié verhouding wat die persoon wat die besigheid van die fonds bestuur, billik ag: Met dien verstande dat hierdie paragraaf slegs van toepassing is op die aanwysing van 'n benoemde wat gedoen is na die inwerkingtreding van hierdie paragraaf.

(c) Indien die fonds nie binne twaalf maande na die dood van die lid van 'n afhanklike van die lid te wete kom of 'n afhanklike van die lid opspoor nie, en indien die lid nie 'n benoemde aangewys het nie of as die lid 'n benoemde aangewys het om 'n gedeelte van die voordeel wat die lid uitdruklik aan die fonds meegedeel het, te ontvang, word die voordeel of die oorblywende gedeelte van die voordeel na betaling van die benoemde in die boedel van die lid gestort of, indien daar nie ten opsigte van die lid 'n inventaris ingevolge artikel 9 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), deur die Meester van die Hooggeregshof ontvang is nie, in die Voogdyfonds gestort.".

Wysiging van artikel 3 van Wet 25 van 1956, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 103 van 1979

22. Artikel 3 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n onderlinge hulpvereniging—

(a) ingestel ooreenkomstig 'n ooreenkoms gepubliseer of geag gepubliseer te wees kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), behalwe dat so 'n vereniging van tyd tot tyd

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

time furnish the registrar with such statistical information as may be prescribed by the Minister; **[and]**

(b) of which the aggregate value of income does not exceed R100 000 per annum, except that such society shall comply with the provisions of any regulation that may be made in relation to it.".

Amendment of section 2 of Act 38 of 1984

23. Section 2 of the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) When he considers it necessary, the registrar may **[with the approval of the Minister]** appoint a person who is not in the full-time employment of the State, as a temporary inspector to assist the registrar or an inspector referred to in subsection (1) with an inspection under this Act of the affairs or any part of the affairs of a financial institution or of any person, partnership or company not registered as a financial institution, or to undertake such an inspection.".

Amendment of section 3 of Act 38 of 1984

24. Section 3 of the Inspection of Financial Institutions Act, 1984, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) **[A person who has applied for an inspection of a financial institution may, with the approval of the Minister, be required by the registrar to furnish such security as the registrar may deem satisfactory and sufficient to defray the remuneration of, and all]** All expenses necessarily incurred by and the remuneration of any temporary inspector who may be appointed under section 2 (2) shall be defrayed by—

(a) a person who has applied for an inspection of a financial institution or any person, partnership or company not registered as a financial institution, and the registrar may require such person to furnish such security as the registrar may deem satisfactory and sufficient to defray such expenses and remuneration; or

(b) the financial institution, or any person, partnership or company not registered as a financial institution, being inspected if the registrar after having considered the inspection report so decides and notwithstanding the provisions of paragraph *(a)*.".

Amendment of section 1 of Act 1 of 1985, as amended by section 14 of Act 50 of 1986 and section 24 of Act 51 of 1988

25. Section 1 of the Stock Exchanges Control Act, 1985, is hereby amended—

(a) by the insertion after the definition of "arbitrage transaction" of the following definition:

"'bank', for the purpose of section 3 (2), (3), (4) and (5), means any bank registered otherwise than provisionally under the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965);"; and

(b) by the substitution for paragraph (iii) of the definition of "carrier against shares" of the following paragraph:

"(iii) any mutual building society registered under the Mutual Building Societies Act, 1965 (Act No. 24 of 1965) or a building society registered under the Building Societies Act, 1986 (Act No. 82 of 1986); or".

Amendment of section 3 of Act 1 of 1985, as amended by section 15 of Act 50 of 1986 and section 27 of Act 51 of 1988

26. Section 3 of the Stock Exchanges Control Act, 1985, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (2) of the following paragraph:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

die registrateur van sodanige statistiese inligting as wat deur die Minister voorgeskryf mag word, moet voorsien; **[en]**

(b) waarvan die totale waarde van inkomste nie R100 000 per jaar te bowe gaan nie, behalwe dat so 'n vereniging moet voldoen aan die bepalings van enige regulasie wat met betrekking tot hom uitgevaardig mag word.".

Wysiging van artikel 2 van Wet 38 van 1984

23. Artikel 2 van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Wanneer hy dit nodig ag, kan die registrateur **[met die goedkeuring van die Minister]** 'n persoon wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, as 'n tydelike inspekteur aanstel om die registrateur of 'n inspekteur in subartikel (1) bedoel met 'n inspeksie kragtens hierdie Wet van die sake of enige deel van die sake van 'n finansiële instelling of van 'n persoon, vennootskap of maatskappy wat nie as 'n finansiële instelling geregistreer is nie, te help of om so 'n inspeksie te onderneem.".

Wysiging van artikel 3 van Wet 38 van 1984

24. Artikel 3 van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1984, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) **[Iemand wat om 'n inspeksie van 'n finansiële instelling aansoek gedoen het, kan, met die goedkeuring van die Minister, deur die registrateur bevredigend en voldoende beskou, te stel vir die betaling van die besoldiging van, en alle]** Alle uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan deur en die vergoeding van 'n tydelike inspekteur wat ingevolge artikel 2 (2) aangestel mag word word gedelg deur—

(a) iemand wat om 'n inspeksie van 'n finansiële instelling, of enige persoon, vennootskap of maatskappy wat nie as 'n finansiële instelling geregistreer is nie, aansoek gedoen het, en die registrateur mag vereis dat so 'n persoon sekerheid stel wat die registrateur bevredigend en voldoende beskou vir die betaling van sodanige uitgawes en besoldiging; of

(b) 'n finansiële instelling, of enige persoon, vennootskap of maatskappy wat nie as 'n finansiële instelling geregistreer is nie, wat geïnspekteer word indien die registrateur na oorweging van die inspeksieverslag en ondanks die bepalings van paragraaf *(a)* so besluit.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 1 van 1985, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 50 van 1986 en artikel 24 van Wet 51 van 1988

25. Artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby gewysig—

(a) deur na die omskrywing van "arbitrasietransaksie" die volgende omskrywing in te voeg:

"'bank', vir die doeleindes van artikel 3 (2), (3), (4) en (5), enige bank wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), geregistreer is;"; en

(b) deur paragraaf (iii) van die omskrywing van "geldskieter teen aandele" deur die volgende paragraaf te vervang:

"(iii) 'n onderlinge bouvereniging wat kragtens die **[Bouverenigingswet]** Wet op Onderlinge Bouverenigings, 1965 (Wet No. 24 van 1965), of 'n bouvereniging wat kragtens die Wet op Bouverenigings, 1986 (Wet No. 82 van 1986), geregistreer is; of".

Wysiging van artikel 3 van Wet 1 van 1985, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 50 van 1986 en artikel 27 van Wet 51 van 1988

26. Artikel 3 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(c)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

"*(c)* he is a **[merchant]** bank **[registered otherwise than provisionally under the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965),]** and such buying and selling is effected in accordance with such conditions as the Registrar may from time to time determine, and is restricted to transactions entered into—

(i) to give effect to a reconstruction of a company by the issue of new shares or a take-over by one company of another or a merger of two or more companies; or

(ii) with a view to the taking over of a company as regards control of its management, policy or business; or

(iii) on behalf of or with persons investments of whom are administered by such **[merchant]** bank for remuneration.";

(b) by the substitution for paragraph (ii) of subsection (3) of the following paragraph:

"(ii) a **[merchant]** bank **[registered otherwise than provisionally under the Banks Act, 1965]**; or";

(c) by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(b)* a **[merchant]** bank **[registered otherwise than provisionally under the Banks Act, 1965]**; or"; and

(d) by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (5) of the following paragraph:

"*(b)* a **[merchant]** bank **[registered othwerwise than provisionally under the Banks Act, 1965]**; or".

Amendment of section 20 of Act 1 of 1985

27. Section 20 of the Stock Exchanges Control Act, 1985, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* If the committee of a licensed stock exchange—

(i) terminates the membership of any person;

(ii) under section 16 *(b)* defers or refuses any application for the inclusion of securities in, or under section 17 (1) *(a)* removes securities from, or suspends, for a period which together with any suspension in terms of section 17 (3) exceeds 30 days, the inclusion of securities in the list referred to in section 16 *(a)*, or omits, for a period which together with any omission in terms of section 17 (3) exceeds 30 days, the price of securities from a list of quotations referred to in section 17 (1) *(b)*; **[or]**

(iii) grants an application for the inclusion of securities in the list referred to in section 16 *(a)*, and the Registrar is of opinion that the listing requirements of the stock exchange were not complied with in respect of those securities or that the inclusion of the securities in such list is not in the public interest; or

(iv) makes any finding or takes any action against or in respect of a person regarding, or on the grounds of, an alleged contravention by such person of section 39 (3),

such person, or the person who issued the securities, or the Registrar, as the case may be, shall be entitled to be furnished with the reason for the termination, deferment, refusal, removal, suspension, omission **[or]**, inclusion, finding or action and may appeal against the decision of the committee to the board referred to in section 21, and the board may confirm, vary or set aside the decision, and, whether or not the appeal is withdrawn, make such award as to costs as it may deem fit."; and

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) In the case of a termination, removal, suspension, **[or]** omission, finding or action referred to in subsection (1), the committee may, subject

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

"*(c)* 'n **[aksepbank]** bank is **[wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), geregistreer is]** en sodanige koop en verkoop geskied ooreenkomstig die voorwaardes wat die Registrateur van tyd tot tyd bepaal, en beperk is tot transaksies aangegaan—

(i) om uitvoering te gee aan 'n rekonstruksie van 'n maatskappy deur die uitgifte van nuwe aandele of 'n oorname deur een maatskappy van 'n ander of 'n samesmelting van twee of meer maatskappye; of

(ii) met die oog op die oorname van 'n maatskappy wat betref beheer van sy bestuur, beleid of besigheid; of

(iii) ten behoewe van of met persone van wie beleggings deur sodanige **[aksepbank]** bank teen vergoeding geadministreer word.";

(b) deur paragraaf (ii) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(ii) 'n **[aksepbank]** bank is **[wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965, geregistreer is]**;";

(c) deur paragraaf *(b)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* 'n **[aksepbank]** bank is **[wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965, geregistreer is]**; of"; en

(d) deur paragraaf *(b)* van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* 'n **[aksepbank]** bank is **[wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965, geregistreer is]**; of".

Wysiging van artikel 20 van Wet 1 van 1985

27. Artikel 20 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Indien die komitee van 'n gelisensieerde effektebeurs—

(i) die lidmaatskap van iemand beëindig;

(ii) kragtens artikel 16 *(b)* 'n aansoek om die opname van effekte in die lys bedoel in artikel 16 *(a)* uitstel of van die hand wys, of kragtens artikel 17 (1) *(a)* effekte uit dié lys verwyder of hul opname daarin opskort vir 'n tydperk wat, tesame met 'n opskorting kragtens artikel 17 (3), 30 dae oorskry, of vir 'n tydperk wat, tesame met 'n weglating kragtens artikel 17 (3), 30 dae oorskry, die prys van effekte uit 'n lys van prysnoterings bedoel in artikel 17 (1) *(b)* weglaat; **[of]**

(iii) 'n aansoek om die opname van effekte in die lys bedoel in artikel 16 *(a)* toestaan, en die Registrateur van oordeel is dat daar ten opsigte van daardie effekte nie aan die noteringsvereistes van die effektebeurs voldoen is nie of dat die opname van die effekte in dié lys nie in die openbare belang is nie; of

(iv) enige bevinding maak of optree teen of ten opsigte van 'n persoon in verband met, of op die grond van, 'n beweerde oortreding van artikel 39 (3) deur sodanige persoon,

dan het so iemand of die persoon wat die effekte uitgegee het of die Registrateur, na gelang van die geval, die reg om voorsien te word van die rede vir die beëindiging, uitstel, van-die-hand-wysing, verwydering, opskorting, weglating, **[of]** opname, bevinding of optrede en kan hy teen die besluit van die komitee na die raad bedoel in artikel 21 in hoër beroep gaan, en die raad kan die besluit bekragtig, wysig of tersyde stel, en kan, ongeag of die appèl teruggetrek word of nie, die kostebevel uitreik wat hy goedvind."; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) In die geval van 'n in subartikel (1) bedoelde beëindiging, verwydering, opskorting, **[of]** weglating, bevinding of optrede kan die komitee op

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

to such conditions as it may impose and in accordance with the rules of the stock exchange (if any), suspend its decision pending any such appeal, and in the case of an inclusion referred to in subsection (1), the committee shall suspend its decision immediately after such an appeal has been noted and while it is pending.".

Amendment of section 34 of Act 1 of 1985

28. Section 34 of the Stock Exchanges Control Act, 1985, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (4) of the following paragraph:

"*(b)* with reference to a deposit made by a stock-broker or carrier against shares with a banking institution registered otherwise than provisionally in terms of the Banks Act, 1965 (Act No. 23 of 1965), or with a mutual building society registered otherwise than provisionally in terms of the Mutual Building Societies Act, 1965 (Act No. 24 of 1965), or with a building society registered otherwise than provisionally in terms of the Building Societies Act, 1986 (Act No. 82 of 1986);".

Substitution of section 39 of Act 1 of 1985

29. The following section is hereby substituted for section 39 of the Stock Exchanges Control Act, 1985:

"Advertising, canvassing or touting by stockbrokers and carriers against shares

39. (1) Subject to the provisions of subsection (2), no person shall **[orally or by means of written matter]** in any manner or by any means, either for himself or for any other person, directly or indirectly canvass, advertise or tout for work forming part of the business of a stock-broker or carrier against shares.

(2) **[The provisions of subsection (1) shall not prohibit a stock-broker or carrier against shares who is entitled to carry on business as such, from making known by a simple statement on a nameplate or signboard exhibited in or on the premises in which he carries on his business or on his stationery or on a document issued in connection with a transaction relating to securities entered into by him, that he is a stock-broker or carrier against shares or a member of a specified stock exchange, as the case may be]** Subject to the provisions of subsection (3), a stock-broker or a carrier against shares may directly or indirectly canvass, advertise or tout for work forming part of the business of a stock-broker or a carrier against shares and which may be performed in terms of this Act.

(3) The committee of a licensed stock exchange may in consultation with the Registrar prescribe the conditions on which such canvassing, advertising or touting may be undertaken and may take such action as it deems necessary, against a stock-broker or a carrier against shares, as the case may be, in the event of any contravention of such conditions.

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the Registrar may, if he is of the opinion that the advertisement, brochure or other similar document relating to a stock-broker or carrier against shares and proposed to be published or being published by such person or his authorized agent is misleading or for any reason objectionable, direct such person not to publish or to cease the publication of the advertisement, brochure or document concerned or to effect such adjustments as he may deem fit.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

voorwaardes wat hy oplê en ooreenkomstig die reëls van die effektebeurs (as daar is) sy besluit opskort terwyl so 'n appèl aanhangig is, en in die geval van 'n opname bedoel in subartikel (1) moet die komitee sy besluit opskort onmiddellik nadat so 'n appèl aangeteken is en terwyl dit aanhangig is.".

Wysiging van artikel 34 van Wet 1 van 1985

28. Artikel 34 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* met betrekking tot 'n deposito gemaak deur 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele by 'n bankinstelling wat anders as voorlopig kragtens die Bankwet, 1965 (Wet No. 23 van 1965), geregistreer is, of by 'n onderlinge bouvereniging wat anders as voorlopig kragtens die **[Bouverenigingswet]** Wet op Onderlinge Bouverenigings, 1965 (Wet No. 24 van 1965), geregistreer is, of 'n bouvereniging wat anders as voorlopig kragtens die Wet op Bouverenigings, 1986 (Wet No. 82 van 1986), geregistreer is;";

Vervanging van artikel 39 van Wet 1 van 1985

29. Artikel 39 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Advertensie, werwing of smousery deur effektemakelaars en geldskieters teen aandele

39. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag niemand **[mondeling of deur middel van 'n geskrif]** op enige wyse of deur enige middele vir homself of vir iemand anders, regstreeks of onregstreeks, werk wat deel uitmaak van die besigheid van 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele, werf of daarvoor adverteer of daarmee smous nie.

(2) **[Die bepalings van subartikel (1) verbied nie 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele wat geregtig is om as sodanig besigheid te dryf, om by wyse van 'n blote verklaring op 'n naamplaat of uithangbord vertoon in of op die perseel waar hy sy besigheid dryf, of op sy skryfpapier of op 'n stuk uitgereik in verband met 'n transaksie met betrekking tot effekte wat hy aangegaan het, bekend te maak nie dat hy 'n effektemakelaar of 'n geldskieter teen aandele of 'n lid van 'n bepaalde effektebeurs, na gelang van die geval, is]** Behoudens die bepalings van subartikel (3) kan 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele, regstreeks of onregstreeks, werk wat deel uitmaak van die besigheid van 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele, en wat ingevolge hierdie Wet verrig mag word, werf of daarvoor adverteer of daarmee smous.

(3) Die komitee van 'n gelisensieerde effektebeurs kan, na oorleg met die Registrateur, die voorwaardes voorskryf waarop sodanige werwing, advertensie of smousery onderneem mag word en kan, in die geval van enige oortreding van sodanige voorwaardes, die stappe doen wat die komitee nodig ag teen 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele, na gelang van die geval.

(4) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die Registrateur, indien hy van oordeel is dat enige advertensie, brosjure of ander soortgelyke dokument van toepassing op 'n effektemakelaar of geldskieter teen aandele, wat beoog word om gepubliseer te word of gepubliseer word deur sodanige persoon of sy gemagtigde agent, misleidend is of om enige ander rede afkeurenswaardig is, sodanige persoon gelas om die betrokke advertensie, brosjure of dokument nie te publiseer nie of die publikasie daarvan te staak of om sodanige wysigings daaraan aan te bring as wat hy nodig ag.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Substitution of section 47 of Act 1 of 1985

30. The following section is hereby substituted for section 47 of the Stock Exchanges Control Act, 1985:

"Furnishing of information to Registrar

47. The Registrar may by notice in writing require any person who is not a stock-broker or licensed carrier against shares or a person referred to in section 4 (1) and in respect of whom the Registrar has reason to suspect that he is carrying on the business of buying and selling securities in contravention of section 3 (2), (3), (4) or (5) or of a carrier against shares in contravention of section 3 (6) or of administering or holding in safe custody on behalf of any other person any investments in listed securities or any investments of which listed securities form part in contravention of section 4 (1), to transmit to the Registrar within a period stated in the notice any document or information at that person's disposal and relating to his affairs which the Registrar may require, and that person shall comply with the requirements of the Registrar to his satisfaction within the relevant period or within such further period as the Registrar may allow.".

Amendment of section 48 of Act 1 of 1985

31. Section 48 of the Stock Exchanges Control Act, 1985, is hereby amended by the substitution for paragraph *(e)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(e)* refuses or fails to comply with any requirement of a president under section 19 or of the registrar under the said section 19, section 39 or section 47;".

Short title and commencement

32. (1) This Act shall be called the Financial Institutions Second Amendment Act, 1989, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be fixed under subsection (1) in respect of different provisions of this Act.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Vervanging van artikel 47 van Wet 1 van 1985

30. Artikel 47 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Verstrekking van inligting aan Registrateur

47. Die Registrateur kan by skriftelike kennisgewing vereis dat 'n persoon wat nie 'n effektemakelaar of 'n gelisensieerde geldskieter teen aandele of 'n persoon bedoel in artikel 4 (1) is nie, en ten opsigte van wie die Registrateur rede het om te vermoed dat hy die besigheid dryf van koop en verkoop van effekte in stryd met artikel 3 (2), (3), (4) of (5), of van 'n geldskieter teen aandele in stryd met artikel 3 (6), of van die administrasie of veilige bewaring namens iemand anders van enige belegging in genoteerde effekte of enige belegging waarvan genoteerde effekte 'n deel uitmaak, in stryd met artikel 4 (1), aan die Registrateur binne 'n tydperk in die kennisgewing vermeld, 'n stuk of inligting waaroor daardie persoon beskik en wat op sy sake betrekking het en wat die Registrateur nodig het, aan die Registrateur deurstuur, en daardie persoon moet ten genoeë van die Registrateur aan die betrokke vereiste voldoen binne die betrokke tydperk of binne die verdere tydperk wat die Registrateur toestaan.".

Wysiging van artikel 48 van Wet 1 van 1985

31. Artikel 48 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985, word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* weier of versuim om aan 'n vereiste van 'n president kragtens artikel 19 of van die Registrateur kragtens genoemde artikel 19, artikel 39 of artikel 47, te voldoen;".

Kort titel en inwerkingtreding

32. (1) Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1989, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.